

# DIE SKIETLOOD

Staat van Belydenis.

Hierdie SKIETLOOD: 9e Uitgawe saam met  
KOERSVAS

Uitgawe 10 Jaargang 1 8 Maart 2013



Die 70e AKV is om die draai. Daar is wel net minder as sewe maande voor die opening, maar die tyd om sake in die agenda opgeneem te kry raak min. Die verskillende Ringsvergaderings wat eersdaags plaasvind, is waarskynlik die laaste geleentheid waarby gewone gemeentes sake na die AKV verwys kan kry. Volgens die KommAKV: *“Die Staat van Belydenis wat op 4 Junie 2012 teen die Hervormde Kerk uitgereik is, voldoen nie aan hierdie vereistes nie. Dit is nie ’n geloofsverklaring wat die verkeerde geloof van die Kerk teenoor die regte geloof van die steedsHervormers stel nie.”* Dit is duidelik dat die KommAKV nie die Staat van Belydenis op die agenda sal/wil plaas nie. Gaan enige gemeente of ring dit wel doen? Gaan lidmate en gemeentes tevrede wees met die KommAKV se onkerkordelike verwerping van die dokument? Gaan geen woord weer oor die inhoud gesprek word nie? Was die Staat van Belydenis nodig en is dit relevant?

Dit is gepas om op hierdie stadium dan by wyse van herinnering die Skietlood langs die Staat van Belydenis te laat afsak.

Wat is ’n Status Confessionis (Latyn vir Staat van Belydenis) en waarom die ontevredenheid? Prof BJ Engelbrecht vertaal Heinrich Ott se definisie van ’n Status Confessionis soos volg: *Die begrip Status Confessionis beteken ’n situasie waarin ’n Christen of ’n groep Christene of ’n kerklike instansie hom gedwonge sien om ’n bepaalde leer of tendens in die Christelike denke met alle beslistheid as dwaalleer te verwerp, omdat die boodskap van Jesus Christus andersins nie meer sinvol verder geïnterpreteer kan word nie,*

*maar totaal ontsetel en vervals sou word. Die Status Confessionis tree dus altyd dan in wanneer die identiteit van die Evangelie op die spel is (soos die WARC met die Hervormde Kerk gedoen het vanaf 1982 en die daaropvolgende gesprekke totdat ons presies bely soos hulle eis). - BJE.*

Ons sien dat hierdie handeling deur ’n enkeling, groep of selfs breër verband gevolg kan word. Om te bely, is eintlik die natuurlike toestand van die Christen. *Matteus 10:32 Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.* Dit beteken dat Christene opgeroep word om Christus konstant te bely in woord en daad. Dit beteken dan ook dat alles wat met Christus verband hou, hiermee saam verstaan moet word. Om Jesus openlik te bely is om Hom as die Waarheid te bely. Christene bely met woord en daad ten gunste van die ware leer en teen enige fout en verkeerde leer. Elke gelowige is kronies in ’n staat van Belydenis.

Somtyds gebeur dit dat ’n verkeerde tendens so ’n houvas kry dat ’n meer formele stap geneem moet word. Dan word ’n streep getrek en gestel dat dit nie moontlik is om hierdie tendens verder te verdra nie. Daar is baie sake waarvoor mense kan saamstem om oor te verskil. Oor sekere sake kan mens nie saamstem om te verskil nie aangesien dit dan sake is wat die **Hart van die Evangelie aantass**. Dit maak nie saak hoe mooi die preke en hoe suiwer die ander sake is nie, indien hierdie sake verkeerd is, is die Evangelie op die spel. Die mens wat bely, erken dat baie meer as net die geskiedenis op die spel is. Die ewige, onveranderlike

boodskap van genade moet telkens in elke nuwe situasie nuut gebring word sonder om die boodskap te verander. Die geskiedenis in aanloop tot die Staat van Belydenis is welbekend. Die volledige dokument volg ook die tafereel van gebeure wat opgebou het tot hierdie stap. "Teen" wie of wat is die dokument gerig. Maak die dokument alle predikante en lidmate van die NHKA tot kettters?

Die Staat van Belydenis is 'n dokument wat deur individue en sekere gemeentes aanvaar is en ook staan as deel van die konstitusionele grondslag van die steeds Hervormers. Die eerste adres is die AKV. Hierdie punt moet nie onderskat word nie. Dit was in die besonder die AKV wat besluite geneem het wat strydig is met die Bybel en die belydenisskrifte.

Die tweede adres is die fakulteit teologie UP se NHKA dosente. Die derde adres in sommige aspekte van die Staat van Belydenis is lidmate en ampsdraers. Lidmate en ampsdraers word telkens daartoe geroep om te bly by die belydenis wat nog altyd in hulle harte is en was. Die ander twee instansies word aangespreek vir die verkeerde besluite en rigting wat ingeslaan word. Dit is nie korrek om te stel dat die Staat van Belydenis die hele NHKA tot kettters verklaar nie. Watter sake word aangespreek in die dokument? Dit is belangrik om te onthou dat die volledige dokument gelees moet word om al die nuanses te verstaan. In leketaal is die volgende in die visier:

### **Saak 1**

Die BAKV se besluit om 54/69 te handhaaf ten spyte van die formulering "**beeld van God in die mens**" beteken dat die BAKV en derhalwe die AKV nie die teologiese afwyking in die formulering raaksien nie. Die Gnostiese en Panenteïstiese agtergrond van hierdie formulering is vreemd aan die ortodokse Christelike belydenis. Die mens

is verantwoordelike beeldraer van God, maar die beeld van God **is nie in** die mens nie. Die BAKV se aandrang dat die formulering reg is, spreek van 'n vashou aan 'n formulering wat die Christelike getuienis in gevaar stel. Gnostiek het in die 2e en 3e eeu nC gedreig om die Christelike geloof te verswelg, maar het 'n natuurlike half-dood in die 4e eeu gehad. Dit is in die 21e eeu weer 'n gewilde dwaling, weliswaar met nuwe toga aan. Panenteïsme en Panteïsme word met Oosterse godsdienste vereenselwig. Die invoer van 'n formulering wat verwant is aan 'n dwaling wat amper die Christelike geloof vernietig het, regverdig 'n Staat van Belydenis.

### **Saak 2**

Uit die motivering vir 54/69 is die volgende bedreiging vir die suiwer Evangelie die sogenaamde "**evangelie van deernis**" wat soos 'n moralistiese afgrond die kerk al voetwassend intrek. Hierdie evangelie van deernis vervlak die Evangelie tot 'n stel goeddoen funksies. Die kerk het nog altyd gedwarrel by die afgrond van net alles vir hierdie lewe feil hê. Dalk kon die saak weer beredeneer word. Dalk kon 'n ander aanslag 'n horende oor bereik. Aan die ander kant was dit dalk tyd dat die kers-en-mottespel van kerk en moralisme aan die kaak gestel moet word.

### **Saak 3**

In hierdie saak gaan dit oor die **wisselwerking tussen tyd en ewigheid**. In die Staat van Belydenis word die AKV daartoe geroep om die wederkoms as eerste perspektief te stel. **Sosiale geregtigheid** is die **resultaat van die Evangelie, nie die voorwaarde** of vereiste van die Evangelie nie. Sosiale geregtigheid vervlak ons getuienis aangaande Jesus tot 'n geregtigheid wat

beperk word tot hier en nou. Die eskatologiese perspektief (ons lewe by die Here) trek daardie vooruitsig die hede in, anders gestel, ons word wel geroep tot sosiale geregtigheid, maar as resultaat van ons geloof, nie voorwaarde tot geloof en kerkwees nie. Daar moet sterk getuig (bely) word teen enige verstaan wat die Evangelie anders verstaan.

#### **Saak 4**

**Die sewende gebod**, asook die hele Bybel (vgl Sondag 41 van die Heidelbergse Kategismus) verstaan die **verhouding tussen een man en een vrou** as die ideale verhouding binne die wil van God. Die Bybel veroordeel homoseksuele verhoudings. Die dosente se volgehoue aandrag dat homoseksualiteit as legitieme alternatiewe lewenstyl aanvaar moet word, staan in skrilte kontras tot die verstaan van die Kerk deur die eeue heen. Daar is kerke in die VSA wat oortuig is dat hierdie saak alleen 'n *Status Confessionis* regverdig. Terwyl die studente opgelei word deur mense wat onverkort staan vir die aanvaarding, selfs aanmoediging en beskerming van homoseksuele verhoudings, sal die suiwer verstaan van die Evangelie van genade in gedrang bly.

**Praat is nie meer genoeg** nie, die saak regverdig 'n amptelike standpuntname. Dit help ook nie om net te verwys na die amptelike besluite van die AKV nie, die stemme wat dit anders wil hê roep al hoe harder.

#### **Saak 5**

'n **Verstaan van die Belydenisskrifte** wat stel dat die belydenisskrifte ondersteun word in soverre dit met die Skrif ooreenstem, laat te veel ruimte vir eie verstaan en vrysinnige interpretasie van Skrif en belydenis. Reeds in die vorige eeu het dosente al openlik gestel dat hulle nie meer die Belydenisskrifte sonder voorbehoud kan

onderskryf nie. Die dosente stel dat hulle soos die NHKA en saam met die NHKA bely en glo. Die vraag is egter, doen hulle so met dieselfde betekenis as die Kerk deur die eeue met ander woorde *Quia*? Die Staat van Belydenis stel dat net een verstaan aanvaar kan word en dit is die verstaan wat stel dat die Belydenisskrifte ooreenstem met die Bybel sonder om aan die Bybel gelyk gestel te word. Die Eietydse Getuienis van 1995 was reeds 'n vorm van Status Confessionis. Hierteenoor getuig die inhoud van die HTS en vele ander publikasies van die NHKA wat Die Hervormer insluit, luidkeels.

#### **Saak 6**

Binne veral die Teologiese Opleiding het dit mode geword om die sogenaamde Q-bron en die Thomas-evangelie aan te haal. Daarmee saam word herhaaldelik gestel dat Ou Testament en Nuwe Testament niks met mekaar te make het nie. Hierdie benadering is slegs moontlik indien die **gesag van die Bybel nie aanvaar word nie** en na **teologiese antwoorde** gesoek word **buite die Bybel om**. Die AKV word daartoe geroep om die Bybel as Woord van God te aanvaar en as die enigste gesagvolle bron vir prediking en norm vir teologiese navorsing vir die Kerk te erken.

*“Ons verklaar dat die Kerk in sy goedkeuring en aanvaarding van akademiese navorsingsresultate en skrywes in amptelike publikasies van die Kerk wat die teendeel wil verkondig, 'n godslasterlike leer akkommodeer en selfs beloon”*. Hierdie aanhaling uit die Staat van Belydenis neem sterk standpunt in ten gunste van 'n benadering tot die Bybel wat die Bybel sien as die enigste gesagvolle bron. Reeds die stemme in die verlede wat die Bybel wou minder maak deur daarna te verwys as menslike nadenke oor God en die goddelike, het 'n sterk reaksie regverdig. Die feit dat hierdie afwykende

verstaan toegelaat is en daar ooreengekom is om van mekaar daaroor te verskil, het gemaak dat daardie benadering kan groei en die Thomas evangelie nou skynbaar meer gesag dra by akademiese navorsing van NHKA dosente as wat die Belydenisskrifte bely. 'n Staat van Belydenis oor die openbaring van God kan nie vermy word nie.

### **Saak 7**

Eksodus 20:16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie". Die negende Gebod vereis van ons om in alle gevalle die waarheid te koester en die **leuen te verwerp**, ongeag omstandighede en die prys wat betaal moet word. Indien die Kerk die negende gebod oortree, het die Kerk homself begin sien as 'n grootheid wat uitstyg bokant God en God se Gebod. Die BAKV se besluit dat daar geen feitefout in 54/69 is nie, en dat die besluit so gehandhaaf word, beteken dat die BAKV 'n leuen verskans het in die besluitebundel van die NHKA. Totdat die leuen nie erken en verwyder is nie, is die AKV konstant in 'n staat van valse getuienis lewer en is dit gepas om konstant teenoor hierdie saak te getuig. Dit is presies wat die Staat van Belydenis doen. Die AKV moet beide die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV, asook die opvolg besluit van die BAKV, onvoorwaardelik op grond van die leuen herroep.

Die Staat van Belydenis sluit af met hierdie woorde:

"Hierdie is 'n staat van belydenis wat deur elke individu oorweeg moet word en self oor besluit moet word. Hiermee word nie met die ketterkwas 'n streep deur die Kerk getrek nie. Hierdie belydenis is 'n wekroep tot besinning. Dit is 'n belydenis van geloof waarop u self moet antwoord." Lidmate en gemeentes moet self besluit, maar dit lyk tog asof die Staat van Belydenis relevant

en toepaslik is. Wat om te doen met mense wat volhard?

Die Skrif stel die volgende; Romeine 16:17 *En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle. 2 Tessalonisense 3:14 En as iemand nie ons bevele, soos ons dit in hierdie brief vir julle gee, gehoorsaam nie, sonder dan daardie man af en vermy hom, dat hy kan skaam kry. 2 Johannes 1:10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.*